

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

20c Wednesday 24 January 1979 WINDHOEK Woensdag 24 Januarie 1979 No. 3890

CONTENTS:

Page

INHOUD:

Bladsy

GOVERNMENT NOTICES:

- No. AG. 1 Wage and Industrial Conciliation Ordinance, 1952: Extension of Periods fixed in Government Notice R.1295 of 1976. 1
- No. AG. 2 Alteration of Transportation Area of Local Road Transportation Board, Windhoek. 2
- No. AG. 3 Amendment of Regulations made under the Prisons Act, 1959 (Act 8 of 1959) 2

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- No. AG. 1 Ordonnansie op Lone en Nywerheidsversoening, 1952: Verlenging van Tydperke vasgestel in Goewermentskennisgewing R.1295 van 1976. 1
- No. AG. 2 Wysiging van die Vervoergebied van Plaaslike Padvervoerraad, Windhoek. 2
- No. AG. 3 Wysiging van Regulasies Uitgevaardig Kragtens die Wet op Gevangenis, 1959 (Wet 8 van 1959). 2

Government Notices

Goewermentskennisgewings

office of the
ADMINISTRATIO-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 1 1979

WAGE AND INDUSTRIAL CONCILIATION
ORDINANCE, 1952: EXTENSION OF PERIODS
FIXED IN GOVERNMENT NOTICE R.1295 OF
1976

Under the powers vested in me by section 46(4) of the Wage and Industrial Conciliation Ordinance, 1952 (Ordinance 35 of 1952), I hereby extend in respect of the employer's organisation, trade union and persons referred to in paragraphs (a), (b) and (c) of Government Notice R.1295 of 30 July 1976 the periods fixed in the said Notice to 31 December 1979.

M. T. STEYN

Administrator-General

Swakopmund, 15 January 1979

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 1 1979

ORDONNANSIE OP LONE EN NYWERHEIDS-
VERSOENING, 1952: VERLENGING VAN
TYDPERKE VASGESTEL IN GOEWERMENSKENNISGEWING R.1295 VAN 1976

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 46(4) van die Ordonnansie op Lone en Nywerheidsversoening, 1952 (Ordonnansie 35 van 1952), verleng ek hierby ten opsigte van die werkgewersorganisasie, vakvereniging en persone bedoel in paragrawe (a), (b) en (c) van Goewermentskennisgewing R.1295 van 30 Julie 1976 die tydperke wat in genoemde Kennisgewing vasgestel is, tot 31 Desember 1979.

M. T. STEYN

Administrateur-generaal

Swakopmund, 15 Januarie 1979

No. AG. 2

1979

ALTERATION OF TRANSPORTATION AREA OF
LOCAL ROAD TRANSPORTATION BOARD,
WINDHOEK

Under the powers vested in me by section 2 of the Road Transportation Act, 1977 (Act 74 of 1977), I hereby amend the Schedule to Proclamation 334 of 1948, as amended by Proclamations 99 of 1950, 55 of 1951, 100 of 1953, 250 of 1953, 199 of 1954, 141 of 1956, 199 of 1956, 242 of 1958, 141 of 1961, 28 of 1963, 43 of 1964, 3. 4 of 1964, 330 of 1970, 66 of 1976, 205 of 1976, 237 of 1976, 127 of 1977, 137 of 1977, 257 of 1977, 362 of 1977 and R.182 of 1978, by the deletion in the definition of area 17 of the expression "Walvis Bay".

M. T. STEYN

Administrator-General

Swakopmund, 15 January 1979

No. AG. 2

1979

WYSIGING VAN DIE VERVOERGEBIED VAN
PLAASLIKE PADVERVOERRAAD, WINDHOEK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 van die Wet op Padvervoer, 1977 (Wet 74 van 1977), wysig ek hierby die Bylae by Proklamasie 334 van 1948, soos gewysig deur Proklamasies 99 van 1950, 55 van 1951, 100 van 1953, 250 van 1953, 199 van 1954, 141 van 1956, 199 van 1956, 242 van 1958, 141 van 1961, 28 van 1963, 43 van 1964, 334 van 1964, 330 van 1970, 66 van 1976, 205 van 1976, 237 van 1976, 127 van 1977, 137 van 1977, 257 van 1977, 362 van 1977 en R.182 van 1978 deur in die omskrywing van gebied 17 die uitdrukking "Walvisbaai" te skrap.

M. T. STEYN

Administrateur-generaal

Swakopmund, 15 Januarie 1979

No. AG. 3

1979

AMENDMENT OF REGULATIONS MADE
UNDER THE PRISONS ACT, 1959 (ACT 8 OF
1959)

The Administrator-General has under section 94 of the Prisons Act, 1959 (Act 8 of 1959), made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

Amendment of regulation 100 of the regulations published by Government Notice R.2080 of 31 December 1965, as amended by Government Notices R.384 of 16 March 1973 and R.2368 of 14 December 1973

1. Regulation 100 of the regulations published under Government Notice R.2080 of 31 December 1965 (hereinafter referred to as the Prison Regulations), is hereby amended –

- (a) by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

" (1) Subject to the provisions of sections 36, 37 and 56 of the Act, sections 302, 308, 309, 316 and 321(1)(a) of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act 51 of 1977), and such directions which may be prescribed, corporal punishment shall not be inflicted, –

- (a) before the period within which an appeal in terms of the provisions of the Criminal Procedure Act, 1977, may be noted, has expired and written notification was received that no appeal was noted, unless the convicted person has indicated in writing that he

No. AG. 3

1979

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG
KRAGTENS DIE WET OP GEVANGENISSE, 1959
(WET 8 VAN 1959)

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 94 van die Wet op Gevangenis, 1959 (Wet 8 van 1959), die regulasies uitgevaardig wat in die Bylae vervat is.

BYLAE

Wysiging van regulasie 100 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2080 van 31 Desember 1965, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R.384 van 16 Maart 1973 en R.2368 van 14 Desember 1973

1. Regulasie 100 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2080 van 31 Desember 1965 (hieronder die gevangenisregulasies genoem), word hierby gewysig –

- (a) deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

" (1) Behoudens die bepalings van artikels 36, 37 en 56 van die Wet, artikels 302, 308, 309, 316 en 321(1)(a) van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977), en sodanige voorskrifte as wat voorgeskryf word, moet lyfstraf nie toegedien word nie –

- (a) voordat die tydperk waarin appèl ingevolge die bepalings van die Strafproseswet, 1977, aangeteken kan word, verstryk het en skriftelike kennisgewing ontvang is dat appèl nie aangeteken is nie, tensy die veroordeelde skriftelik aangedui het dat hy nie voor-

has no intention of noting an appeal and agrees that such corporal punishment may be inflicted before the expiry of the said period;

- (b) where an appeal was noted against the sentence whereby such corporal punishment was imposed, before written notification was received that such sentence was confirmed;
- (c) where the sentence whereby such corporal punishment was imposed is subject to review, before written notification was received that such sentence was confirmed;
- (d) where an application referred to in section 316 of the Criminal Procedure Act, 1977, was made, before written notification was received that either such application was refused or that the sentence whereby such corporal punishment was imposed was confirmed.”; and

- (b) by the substitution for subregulation (3) of the following subregulation:

“ (3) Corporal punishment shall be inflicted in the prescribed manner over the buttocks with a cane.”.

Amendment of regulation 101 of the regulations published by Government Notice R.2080 of 31 December 1965, as amended by Government Notices R.441 of 22 March 1968, R.557 of 8 April 1971 and R.384 of 16 March 1973

2. Regulation 101 of the Prison Regulations is hereby amended —

- (a) by the substitution for subregulation (5) of the following subregulation:

“ (5) A prisoner undergoing solitary confinement with dietary punishment shall perform no work during any period in which such sentence with spare diet is enforced.”; and

- (b) by the deletion of subregulation (8).

nemens is om appèl aan te teken nie en instem dat die sodanige lyfstraf voor verstryking van bedoelde tydperk toegedien kan word;

- (b) waar appèl aangeteken is teen die vonnis waarby sodanige lyfstraf opgelê is, voordat skriftelike kennisgewing ontvang is dat dié vonnis bekragtig is;
- (c) waar die vonnis waarby sodanige lyfstraf opgelê is aan hersiening onderworpe is, voordat skriftelike kennisgewing ontvang is dat dié vonnis bekragtig is;
- (d) waar ’n aansoek bedoel in artikel 316 van die Strafproseswet, 1977, gedoen is, voordat skriftelike kennisgewing ontvang is dat of sodanige aansoek van die hand gewys is of dat die vonnis waarby sodanige lyfstraf opgelê is, bekragtig is.”; en

- (b) deur subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

“ (3) Lyfstraf word op die voorgeskrewe wyse met ’n rottang oor die boude toegedien.”.

Wysiging van regulasie 101 van die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.2080 van 31 Desember 1965, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R.441 van 22 Maart 1968, R.557 van 8 April 1971 en R.384 van 16 Maart 1973

2. Regulasie 101 van die gevangenisregulasies word hierby gewysig —

- (a) deur subregulasie (5) deur die volgende subregulasie te vervang:

“ (5) ’n Gevangene wat alleenopsluiting met dieetstraf ondergaan, mag geen werk verrig gedurende enige tydperk waarin sodanige vonnis met skraalrantsoen toegepas word nie.”; en

- (b) deur subregulasie (8) te skrap.